(*a*) Die aantal lede van die werkgewersorganisasie in die nywerheid en die gebied waarvoor aansoek gedoen word of in 'n afdeling van die nywerheid of gebied ten opsigte waarvan beswaar ingedien word op enige datum tussen die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en die vervaldag van die genoemde tydperk van sewe dae.

(*b*) Die aantal lede onder (*a*) wat ingevolge die werkgewersorganisasie se grondwet binne die voordele van lidmaatskap gestel was op die datum in paragraaf (*a*) genoem en die getal persone by hulle in diens.

(*c*) Die aantal lede onder (*a*) wat ingevolge die werkgewersorganisasie se grondwet buite die voordele van lidmaatskap gestel was op die datum in paragraaf (*a*) genoem en die getal persone by hulle in diens.

(*d*) Die datum waarop die besonderhede in paragrawe (*a*), (*b*) en (*c*) genoem, betrekking het.

R. W. GRIEVE,
Waarnemende Nywerheidsregistrateur.

✱ No. 2914.] [19 Desember 1952.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

Ek, Robert William Grieve, Waarnemende Nywerheidsregistrateur, maak hierby ingevolge artikel *vier* (4), soos toegepas by artikel *sewe* (4) van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, bekend dat 'n aansoek om wysiging van die geregistreerde bestek van die „South African Agricultural and Irrigation Machinery Manufacturers' Association" waarvan besonderhede in onderstaande tabel voorkom, deur my ontvang is.

Enige geregistreerde werkgewersorganisasie wat besware teen so 'n wysiging het, word uitgenooi om die besware skriftelik aan my binne een maand na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing p/a Die Departement van Arbeid, Ongevalle-gebou, Schoemanstraat, Pretoria, voor te lê.

TABLE.

Name of Employers' Organisation	The South African Agricultural and Irrigation Machinery Manufacturers, Association.
Date of application.....	16th January, 1951.
Existing registered interests and areas of organisation	Employers engaged in the manufacture of agricultural and/or irrigation machinery and/or their parts in the Magisterial Districts of Johannesburg, Benoni, Germiston, Vereeniging, Brakpan, Boksburg and Krugersdorp and the Municipal Areas of Port Elizabeth, Durban and Bloemfontein.
Interests and area in respect of which registration is desired	Employers engaged in the manufacture of agricultural and/or irrigation machinery and/or their parts in the Union of South Africa.
Address of applicant Employers' Organisation	Barclays Bank Building (Third Floor), cor. Commissioner and Harrison Streets, Johannesburg.

Any registered employers' organisation submitting any objection to the granting of the application is hereby required in terms of sub-section (4) of section *four* of the Industrial Conciliation Act, 1937, to submit to me, in writing, in addition to any other material which it may wish to advance in substantiation of its objection, the following information within a period of seven days from the expiration of the period of one month:—

(*a*) The number of members of the employers' organisation in the Industry and area applied for or in any section of such industry or area in respect of which objection is lodged at any date between the date of publication of this notice and the expiry of the said period of seven days.

(*b*) The number of members under (*a*) who were in benefit in terms of the organisation's constitution as at the date mentioned in paragraph (*a*) above and the number of persons employed by them.

(*c*) The number of members under (*a*) who were out of benefit in terms of the organisation's constitution as at the date mentioned in paragraph (*a*) above and the number of persons employed by them.

(*d*) The date to which the particulars referred to in paragraphs (*a*), (*b*) and (*c*) relate.

R. W. GRIEVE,
Acting Industrial Registrar.

✱ No. 2939.] [19 December 1952.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946, AS AMENDED.—REGULATIONS.

It is hereby notified for general information that the Honourable the Minister of Labour has been pleased, in terms of sub-section (10) of section *thirty-nine* of the Unemployment Insurance Act, 1946 (Act No. 53 of 1946), as amended by Act No. 48 of 1952, to make the following regulations with effect from 1st January, 1953:—

12. REGULATIONS IN TERMS OF SECTION *thirty-nine* (10) (*e*).

(1) An application for an allowance in terms of sub-section (10) of section *thirty-nine* of the Act shall be in the form of and contain the particulars specified in Annexure U.F. 86, and shall be forwarded to a claims officer or duly authorised officer, together with the Contributor's Record Card (U.F. 74) of the applicant.

(2) An application for the continuation of the payment of an allowance shall be in the form of and contain the particulars specified in Annexure U.F. 87, and shall be forwarded to the claims officer or duly authorised officer.

(3) The medical certificates appearing in forms U.F. 86 and U.F. 87, shall be completed and signed by the medical practitioner by whom the applicant is being treated, provided that a claims officer may require an applicant to be examined by a medical officer or practitioner nominated by him.

The fee for a medical examination conducted at the instance of a claims officer shall be a charge upon the Unemployment Insurance Fund.

TABEL.

Naam van Werkgewersorganisasie	„ South African Agricultural and Irrigation Machinery Manufacturers' Association".
Datum van aansoek.....	16 Januarie 1951.
Organisasie se bestaande geregistreerde belange en gebiede	Werkgewers wat landbou- en/of besproeiingsmasjinerie en/of onderdele daarvan vervaardig in die Magistraatsdistrikte Johannesburg, Benoni, Germiston, Vereeniging, Brakpan, Boksburg en Krugersdorp en die Munisipale gebiede Port Elizabeth, Durban en Bloemfontein.
Belange en gebied waarom aansoek gedoen word	Werkgewers wat landbou- en/of besproeiingsmasjinerie en/of onderdele daarvan vervaardig in die Unie van Suid-Afrika.
Adres van werkgewerorganisasie wat aansoek doen	Barclays-bank-gebou (Derde Vloer), hoek van Commissioner- en Harrisonstraat, Johannesburg.

Van geregistreerde werkgewersorganisasies wat besware teen die toestaan van die aansoek indien word hierby ingevolge subartikel (4) van artikel *vier* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, vereis om benewens ander gegewens wat hulle verlang om voor te lê ter stawing van hul beswaar, onderstaande inligting skriftelik by my binne 'n tydperk van sewe dae na die vervaldag van die tydperk van een maand in te dien:—

(*a*) Die aantal lede van die werkgewersorganisasie in die nywerheid en die gebied waarvoor aansoek gedoen word of in 'n afdeling van die nywerheid of gebied ten opsigte waarvan beswaar ingedien word op enige datum tussen die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en die vervaldag van die genoemde tydperk van sewe dae.

(*b*) Die aantal lede onder (*a*) wat ingevolge die werkgewersorganisasie se grondwet binne die voordele van lidmaatskap gestel was op die datum in paragraaf (*a*) genoem en die getal persone by hulle in diens.

(*c*) Die aantal lede onder (*a*) wat ingevolge die werkgewersorganisasie se grondwet buite die voordele van lidmaatskap gestel was op die datum in paragraaf (*a*) genoem en die getal persone by hulle in diens.

(*d*) Die datum waarop die besonderhede in paragrawe (*a*), (*b*) en (*c*) betrekking het.

R. W. GRIEVE,
Waarnemende Nywerheidsregistrateur.

✱ No. 2939.] [19 Desember 1952.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1946, SOOS GEWYSIG.—REGULASIES.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Edele die Minister van Arbeid behaag het om ingevolge subartikel (10) van artikel *nege-en-dertig* van die Werkloosheidversekeringswet, 1946 (Wet No. 53 van 1946), soos by Wet No. 48 van 1952 gewysig, onderstaande regulasies met ingang van 1 Januarie 1953, in werking te stel.

12. REGULASIES INGEVOLGE ARTIKEL *nege-en-dertig* (10) (*e*).

(1) Aansoeke om 'n toelae kragtens subartikel (10) van artikel *nege-en-dertig* van die Wet moet in die vorm van Aanhangsel U.F. 86 wees en die besonderhede bevat wat daarin aangegee word. Dit moet saam met die bydraer se verslagkaart (U.F. 74) van die applikant aan 'n eisebeampte of behoorlik gemagtigde beampte gestuur word.

(2) 'n Aansoek om verdere betaling van 'n toelae moet in die vorm van Aanhangsel U.F. 87 wees en moet die besonderhede bevat wat daarin aangegee word. Dit moet aan die eisebeampte of behoorlik gemagtigde beampte gestuur word.

(3) Die doktersertifikate in vorms U.F. 86 en U.F. 87 moet ingevul en onderteken word deur die dokter onder wie se behandeling die applikant is, met dien verstande dat 'n eisebeampte van 'n applikant kan vereis om hom te laat ondersoek deur 'n mediese beampte of praktisyn wat die eisebeampte aanwys.

Die koste van 'n mediese ondersoek waarom die eisebeampte gevra het, word uit die Werkloosheidversekeringsfonds gedek.

(4) A contributor who applies for an allowance in terms of sub-section (10) of section *thirty-nine* of the Act shall be deemed to have become unemployed on the date upon which his contract of service or of apprenticeship or learnership was terminated by reason of the illness in respect of which the application is made, provided that an applicant who became unemployed prior to contracting the illness in respect of which the application is made, shall be deemed to have become unemployed on the date upon which he is certified by the medical practitioner to have become incapable of work by reason of the said illness.

(4) Indien 'n bydraer kragtens subartikel (10) van artikel *nege-en-dertig* van die Wet aansoek om 'n toelae doen, word dit beskou dat hy werkloos geword het op die datum waarop sy diens-, vakleerlingskaps- of leerlingskapskontrak beëindig is weens die siekte ten opsigte waarvan hy nou aansoek doen, met dien verstande dat, indien 'n applikant werkloos geword het voordat hy die siekte gekry het ten opsigte waarvan aansoek gedoen word, dit beskou word dat hy werkloos geword het op die datum waarop 'n mediese praktisyn sertifiseer dat hy weens genoemde siekte nie in staat is om te werk nie.

ANNEXURE U.F. 86.

DEPARTMENT OF LABOUR.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946, AS AMENDED.

APPLICATION FOR ALLOWANCE UNDER SECTION 39 (10).

To the Claims Officer,
Department of Labour,

I hereby apply for an allowance in terms of Section 39 (10) of the Unemployment Insurance Act, 1946, as amended, and declare that I am unemployed by reason of the illness specified below, that I am not capable of or available for work, and that the information given by me in this form is true in every respect.

(Date.) (Signature of Applicant, or Duly Authorised Agent.)

(Witness.)

1. Surname (Block Letters)..... 2. Christian Names.....
3. Applicant's I.F. Number..... 4. Address.....
5. Race..... 6. Sex..... 7. Age..... 8. Industry.....
9. Trade/Occupation..... 10. Married or Single.....
11. Have you received or applied for periodical payments under any law in terms of which you were not required to pay contributions?

If so, give details.....

The following additional information must be furnished:—

A.—Details of Employment since 1st January, 1950 (to be supported by Contributor's Record Card):—

12. Name of Employer.	13. Address of Employer.	14. Industry.	15. Employed. From.	15. Employed. To.	16. Trade or Occupation.	17. Ordinary rate of Weekly or Monthly Wages (excluding C.O.L.A.).	18. Value of Food and/or Quarters.

B.—If benefits received since 1st January, 1950, state:—

19. Applicant's Serial Number.	20. Office where Application was made.	21. Date or Approximate Date of Application.

MEDICAL CERTIFICATE.

(To be completed by a Medical Practitioner.)

I, (*a*).....
Residing at.....
hereby certify that the above-named (*b*).....
has been under my medical treatment from (*c*)..... to....., that he is suffering from (*d*)..... which disability commenced (*e*)..... and that he is not capable of or available for *work of any sort* (*f*) by reason of the fact that.....

(Signature of Medical Practitioner.)

(Date.)

I, (*b*).....
hereby certify that the disability from which I am suffering, which renders me unfit for any sort of work, commenced on or about.....

(Signature of Applicant.)

Fill in:—

(*a*) Name and qualification of medical practitioner.
(*b*) Name of applicant for allowance.
(*c*) Period.
(*d*) Nature of illness, as far as possible, in non-technical terms.
(*e*) State date of onset or duration of disability rendering applicant unfit for work. If the doctor is unable to state from his own knowledge the date of onset of the disability he should request the applicant to fill in the supplementary form under the medical certificate.
(*f*) It must be particularly noted that in order to draw an allowance under this section of the Act, the applicant must be unfit to perform *any type of work*, not only the work to which he is accustomed.

U.F. 87.

DEPARTMENT OF LABOUR.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946, AS AMENDED: CONTINUATION OF ALLOWANCE UNDER SECTION 39 (10).

To the Claims Officer,
Department of Labour,

I hereby apply for the continued payment of an allowance, in terms of Section 39 (10) of the Unemployment Insurance Act, 1946, as amended, and declare that I am unemployed by reason of the illness specified below, that I am not capable of or available for work, and that the information given by me in this form is true in every respect.

(Signature of Applicant or Duly Authorised Agent.)

(Date.)

(Witness.)

1. Surname (block letters)
2. Christian names
3. Applicant's I.F. Number
4. Address
5. Have you received or applied for periodical payments under any law in terms of which you were not required to pay contributions? If so, give details
6. Date of receipt of previous payment of allowance under Unemployment Insurance Act
7. Applicant's S[illegible]al Number

MEDICAL CERTIFICATE.

(To be completed by a Medical Practitioner.)

I, (*a*)
residing at
hereby certify that the above-named (*b*)
has been under my medical treatment from (*c*) to
that he is suffering from (*d*) which disability commenced (*e*)
and that he is not capable of or available for *work of any sort* (*f*) by reason of the fact that

(Signature of Medical Practitioner.)

(Date.)

Fill in:—

(*a*) Name and qualification of medical practitioner.
(*b*) Name of applicant for allowance.
(*c*) Period.
(*d*) Nature of illness, as far as possible in non-technical terms.
(*e*) State date of onset or duration of disability rendering applicant unfit for work. If the doctor is unable to state from his own knowledge the date of onset of the disability, he should request the applicant to fill in the supplementary form under the medical certificate on form U.F. 86.
(*f*) It must be particularly noted that in order to draw an allowance under this section of the Act, the applicant must be unfit to perform *any type of work*, not only the work to which he is accustomed.

BYLAE U.F. 86.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1946, SOOS GEWYSIG.

AANSOEK OM TOELAE KRAGTENS ARTIKEL 39 (10).

Aan die Eisebeampte,
De partement van Arbeid,

Hierby doen ek kragtens artikel 39 (10) van die Werkloosheidversekeringswet, 1946, soos gewysig, aansoek om 'n toelae en verklaar dat ek werkloos is weens die siekte wat hieronder genoem word, dat ek nie geskik en beskikbaar vir werk is nie, en dat die inligting wat ek in hierdie vorm aangee, in elke opsig juis is.

(Handtekening van applikant of behoorlik gemagtigde agent.)

(Datum.)

(Getuie.)

1. Familienaam (blokletters) 2. Voorname
3. Applikant se V.F.-nommer 4. Adres
5. Ras 6. Geslag 7. Ouderdom 8. Nywerheid
9. Bedryf/Ambag 10. Getroud of ongetroud
11. Het u kragtens enige wet waarvolgens u nie bydraes moes betaal nie, aansoek om periodieke uitbetalings gedoen of dit ontvang?
Indien wel, gee besonderhede
Onderstaande verdere inligting moet verstrek word:—

A.—Besonderhede van diens sedert 1 Januarie 1950 (moet gestaaf word deur bydraer se verslagkaart):—

12. Naam van werkgewer.	13. Adres van werkgewer.	14. Nywerheid.	15. In diens. Van.	15. In diens. Tot.	16. Bedryf of ambag.	17. Gewone week- of maandloon (buiten lewenskostetoelae).	18. Waarde van losies en/of inwoning.

B.—Indien voordele sedert 1 Januarie 1950 ontvang is, noem:—

19. Applikant se reeksnommer.	20. Kantoor waar aansoek gedoen is.	21. Datum of datum naastenby van aansoek.

DOKTERSERTIFIKAAT.

(Moet deur 'n mediese praktisyn ingevul word.)

Ek, (*a*)_____
woonagtig te_____
sertifiseer hierby dat bogenoemde (*b*)_____
deur my geneeskundig behandel is vanaf (*c*)_____tot_____,
dag hy aan (*d*)_____
ly, 'n ongeskiktheid wat begin het op (*e*)_____en dat hy nie in staat is of beskikbaar vir *werk van watter soort ook al* (*f*) is nie om rede van die feit dat_____

_____
(Handtekening van mediese praktisyn.)

_____
(Datum).

Ek, (*b*)_____
sertifiseer hierby dat die ongeskiktheid waaraan ek ly en wat my ongeskik vir enige soort werk maak, op of om en by_____
_____begin het.

_____
(Handtekening van applikant).

Vul in:—

(*a*) Naam en kwalifikasies van mediese praktisyn.
(*b*) Naam van persoon wat aansoek om toelae doen.
(*c*) Tydperk.
(*d*) Aard van siekte, vir so ver moontlik in nie-tegniese woorde.
(*e*) Gee datum(s) waarop siekte begin of geduur het wat die applikant ongeskik vir werk gemaak het, As die dokter nie in staat is om uit eie kennis te sê wanneer die siekte begin het nie, moet hy die applikant versoek om die aanvullende vorm onder die doktersertifikaat in te vul.
(*f*) Daar moet veral opgelet word dat ten einde 'n toelae kragtens hierdie artikel van die Wet te trek, die applikant ongeskik vir enige soort werk moet wees, nie net vir die werk wat hy gewoonlik doen nie.

U.F. 87.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1946, SOOS GEWYSIG.

VERDERE BETALING VAN TOELAE KRAGTENS ARTIKEL 39 (10).

Aan die Eisebeampte,
Departement van Arbeid,

_____

Hierby doen ek kragtens artikel 39 (10) van die Werkloosheidversekeringswet, 1946, soos gewysig, aansoek om verdere betaling van 'n toelae, en verklaar dat ek werkloos is weens die siekte wat hieronder genoem word en dat die inligting wat ek op hierdie vorm aangee, in elke opsig juis is.

_____
(Handtekening van applikant of behoorlik gemagtigde agent.)

_____
(Datum.)

_____
(Getuie.)

1. Familienaam (blokletters)_____
2. Voorname_____
3. Applikant se V.F.-nommer_____
4. Adres_____
5. Het u kragtens enige wet waarvolgens u nie bydraes moes betaal nie, aansoek om periodieke uitbetalings gedoen of dit ontvang? _____ Indien wel, gee besonderhede_____
6. Datum van ontvangs van vorige betaling van toelae kragtens Werkloosheidversekeringswet_____
7. Applikant se reeksnommer_____

DOKTERSERTIFIKAAT.

(Moet deur mediese praktisyn ingevul word.)

Ek, (*a*)_____
woonagtig te_____
sertifiseer hierby dat bogenoemde (*b*)_____
deur my geneeskundig behandel is vanaf (*c*)_____tot_____,
dat hy aan (*d*)_____ly, 'n ongeskiktheid wat begin het op (*e*)_____
en dat hy nie in staat is of beskikbaar vir *werk van watter soort ook al* (*f*) om rede van die feit dat_____

_____
(Handtekening van mediese praktisyn.)

_____
(Datum.)

Vul in:—

(*a*) Naam en kwalifikasies van mediese praktisyn.
(*b*) Naam van persoon wat aansoek om toelae doen.
(*c*) Tydperk.
(*d*) Aard van siekte.
(*e*) Gee datum(s) waarop siekte begin of geduur het wat die applikant ongeskik vir werk gemaak het. As die dokter nie in staat is om uit eie kennis te sê wanneer die siekte begin het nie, moet hy die applikant versoek om die aanvullende vorm onder die doktersertifikaat op vorm U.F. 86 in te vul.
(*f*) Daar moet veral opgelet word dat ten einde 'n toelae kragtens hierdie artikel van die Wet te trek, die applikant ongeskik vir *enige soort werk* moet wees, nie net vir die werk wat hy gewoonlik doen nie.

✱ No. 2940.] [19 December 1952.

APPRENTICESHIP ACT, 1944, AS AMENDED.

APPRENTICESHIP COMMITTEE FOR THE HAIRDRESSING TRADE, BLOEMFONTEIN.—VESTING OF POWERS.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *eight* of the Apprenticeship Act, 1944 (Act No. 37 of 1944), as amended, I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, hereby order that the powers and functions of the Apprenticeship Committee for the Hair-

✱ No. 2940.] [9 Desember 1952.

WET OP VAKLEERLINGE, 1944, SOOS GEWYSIG.

VAKLEERLINGSKAPKOMITEE VIR DIE HAARKAPPERSBEDRYF, BLOEMFONTEIN.—OORDRAG VAN MAGTE.

Kragtens bevoegdheid my verleen by artikel *agt* van die Wet op Vakleerlinge, 1944 (Wet No. 37 van 1944), soos gewysig, gelas ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, hierby dat die magte en pligte van die Vakleerlingskapkomitee vir die Haarkappersbedryf,

dressing Trade, Bloemfontein, shall be vested in and exercised by the Divisional Inspector of Labour, Bloemfontein, for a period of twelve months from the date of this notice.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

DEPARTMENT OF AGRICULTURE.

✱ No. 2951.] [19 December 1952.

REGULATIONS FOR COMBATTING AND PREVENTING THE SPREAD OF CERTAIN INSECT PESTS AFFECTING TIMBER.—AMENDMENT.

His Excellency the Governor-General has, under the powers vested in him by section *thirty-two* of the Forest Act, 1941 (Act No. 13 of 1941), as amended, amended the regulations published in Government Notice No. 2780 of 2nd November, 1951, in the manner as set out in the Annexure hereto.

ANNEXURE.

Regulation 1 of the regulations published in Government Notice No. 2780 of 2nd November, 1951, is hereby amended by the insertion in the definition of "defined area" after the words "Port Elizabeth" of the words "Port Shepstone".

DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS.

✱ No. 2917.] [19 December 1952.

His Excellency the Governor-General has been pleased to approve of the Union Government's acceptance of the subjoined supplementary Agreement to revise Article II of the Agreement annexed to the Final Act of the Commonwealth-United States Telecommunications Meeting, signed at London on 12th August, 1949.

The Governments of the United States of America, the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland, Canada, Australia, New Zealand, the Union of South Africa, India, Pakistan, Ceylon and Southern Rhodesia;

Desiring to replace Article II of the Agreement annexed to the Final Act of the London Telecommunications Meeting signed on 12th August, 1949 (hereinafter called the Main Agreement), by the provisions contained in the Annex hereto;

Have agreed as follows:—

ARTICLE I.

As from the date of the coming into force of the present Agreement the provisions of the Annex to the present agreement shall be substituted for Article II of the Main Agreement, and the said Article II shall be abrogated.

ARTICLE II.

The present Agreement, which is supplementary to and shall be read as one with the Main Agreement, shall come into force on the 1st of October, 1952.

In witness whereof the undersigned, being duly authorised to that effect, have signed the present Agreement.

Done at London this 1st day of October, 1952, in the English language in a single copy, which shall be deposited in the archives of the Government of the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland, and of which certified copies shall be furnished to the other signatory Governments.

Bloemfontein, vir 'n tydperk van twaalf maande, vanaf die datum van hierdie kennisgewing, by die Afdelingsinspekteur van Arbeid, Bloemfontein, berus en deur hom uitgeoefen word.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU.

✱ No. 2951.] [19 Desember 1952.

REGULASIES VIR DIE BESTRYDING EN VOORKOMING VAN DIE VERSPREIDING VAN SEKERE INSEKTEPLAE WAT TIMMERHOUT AANTAS.—WYSIGING.

Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *twee-en-dertig* van die Boswet, 1941 (Wet No. 13 van 1941), soos gewysig, die regulasies afgekondig in Goewermentskennisgewing No. 2780 van 2 November 1951, gewysig op die wyse soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

BYLAE.

Regulasie 1 van die regulasies afgekondig in Goewermentskennisgewing No. 2780 van 2 November 1951, word hierby gewysig deur in die woordomskrywing van „omskrewe gebied" na die woorde „Port Elizabeth" die woorde „Port Shepstone" in te voeg.

DEPARTEMENT VAN POS-EN-TELEGRAAFWESE.

✱ No. 2917.] [19 Desember 1952.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om die Unieregering se erkenning van onderstaande aanvullende Ooreenkoms ter hersiening van Artikel II van die Ooreenkoms wat 'n aanhangsel is van die sluitingsoorkonde van die Statebond en die Verenigde State se Telekommunikasievergadering, geteken in London op 12 Augustus 1949, goed te keur.

Nademaal die regering van die Verenigde State van Amerika en die regerings van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland, Kanada, die Gemenebes van Australië, Nieu-Seeland, die Unie van Suid-Afrika, Indië, Pakistan, Ceylon en Suid-Rhodesië;

Begerig is om Artikel II van die Ooreenkoms wat 'n aanhangsel is van die sluitingsoorkonde van die Londense Telekommunikasievergadering, geteken op 12 Augustus 1949 (hierná die Hoofooreenkoms genoem), deur die bepalings wat in die aanhangsel hiervan vervat is, te vervang;

Het hulle as volg ooreengekom:—

ARTIKEL I.

Met ingang van die datum van inwerkingtreding van hierdie ooreenkoms verval Artikel II van die Hoofooreenkoms en word bedoelde Artikel II deur die bepalings van die aanhangsel van hierdie ooreenkoms vervang.

ARTIKEL II.

Hierdie ooreenkoms vul die Hoofooreenkoms aan en moet as deel daarvan gelees word. Dit tree op 1 Oktober 1952 in werking.

Ten bewyse waarvan die ondergetekendes, behoorlik daartoe gemagtig, hierdie ooreenkoms onderteken het.

Aldus gedaan en geteken in Londen hede die 1ste dag van Oktober 1952, in die Engelse taal, in 'n enkele eksemplaar wat bewaar word in die argief van die regering van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland en waarvan gewaarmerkte afskrifte verstrek word aan die ander regerings wat ondertekenaars hiervan is.

For the Government of the United States of America:
WALTER S. GIFFORD.

For the Government of the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland:
DE LA WARR.

For the Government of Canada:
N. A. ROBERTSON.

For the Government of Australia:
THOMAS WHITE.

For the Government of New Zealand:
F. W. DOIDGE.

For the Government of the Union of South Africa:
A. L. GEYER.

For the Government of India:
B. G. KHER.

For the Government of Pakistan:
M. A. H. ISPAHANI.

For the Government of Ceylon:
V. COOMARASWAMY.

For the Government of Southern Rhodesia:
K. M. GOODENOUGH.

ANNEX.

ARTICLE II.—TELEGRAPH RATES.

Section 6.—Ceiling Collection Charges.

(i) The ceiling rates for collection charges in respect of traffic exchanged between the United States on the one hand and each of the countries of the British Commonwealth on the other hand shall be as follows:—

For ordinary full rate telegrams, 30 cents or 2s. 2d. per word.

For letter telegrams, 15 cents or 1s. 1d. per word.

For ordinary rate press telegrams, 10 cents or 8½d. per word.

(ii) Any party to this Agreement may, upon ninety days' notice to the other parties to this Agreement, raise to a level above the respective ceiling rates established by this Section any rate which is at or below the ceiling.

(iii) The dollar and sterling ceiling rates prescribed in sub-section (i) of this section are approximately equivalent at $2·80 to £1, but in the event of an alteration in the average of buying and selling rates for telegraphic transfer of dollars and stirling by more than 2 per cent from $2·80 to £1, arrangements shall be made promptly at the request of any country for consultation between the parties to this Agreement as to the appropriate adjustments of the ceiling rates.

(iv) In any country other than the United States and the United Kingdom, the ceiling rates for collection charges in local currency shall be the approximate equivalent of the dollar and sterling ceiling rates prescribed in this section at the current rate of exchange between the local currency and the dollar or pound sterling.

NOTE.—The Press rate within the British Commonwealth may be extended to press traffic between the countries of the British Commonwealth and any other country.

Section 7.—Terminal and Transit Charges.

(i) Terminal and transit charges shall be regarded as payments for services rendered. The terminal charges are payable for traffic originating in or destined for a country. The transit charges are payable for traffic carried across the territory of a country for onward transmission beyond that country.

(ii) For the purpose of assessing terminal and transit charges for the traffic referred to in paragraph (i) of this section, countries shall be classified in two categories, as follows:—

(*a*) Countries of extensive area, namely, Canada, Australia, India, Union of South Africa, Pakistan and the Continental United States.

(*b*) All other countries.

Namens die regering van die Verenigde State van Amerika:
WALTER S. GIFFORD.

Namens die regering van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland:
DE LA WARR.

Namens die regering van Kanada:
N. A. ROBERTSON.

Namens die regering van Australië:
THOMAS WHITE.

Namens die regering van Nieu-Seeland:
F. W. DOIDGE.

Namens die regering van die Unie van Suid-Afrika:
A. L. GEYER.

Namens die regering van Indië:
B. G. KHER.

Namens die regering van Pakistan:
M. A. H. ISPAHANI.

Namens die regering van Ceylon:
V. COOMARASWAMY.

Namens die regering van Suid-Rhodesië:
K. M. GOODENOUGH.

AANHANGSEL.

ARTIKEL II.—TELEGRAAFTARIEWE.

Artikel 6.—Maksimum inbare koste.

(i) Die maksimum tariewe van inbare koste ten opsigte van verkeer tussen die Verenigde State aan die een kant en enigeen van die lande van die Britse Statebond aan die ander kant is as volg:—

Vir gewone telegramme teen die volle tarief, 30 sent of 2s. 2d. per woord.

Vir brieftelegramme, 15 sent of 1s. 1d. per woord.

Vir perstelegramme teen die gewone tarief, 10 sent of 8½d. per woord.

(ii) 'n Party by hierdie Ooreenkoms kan met negentig dae kennisgewing aan die ander partye by hierdie Ooreenkoms 'n tarief wat op of onder die maksimum staan, verhoog tot 'n peil bo die toepaslike maksimum wat by hierdie artikel bepaal word.

(iii) Die maksimum dollar- en sterlingtariewe wat in subartikel (i) van hierdie artikel voorgeskryf word, is by benadering gelykwaardig wanneer $2·80 die teenwaarde van £1 is; maar wanneer die gemiddelde van die koop- en verkoopkoers vir telegrafiese oordrag van dollars en sterling meer as 2 persent verskil van $2·80 teenoor £1 moet daar op versoek van enige land onverwyld reëlings getref word om oorlegpleging tussen die partye by hierdie Ooreenkoms te laat plaasvind ten einde die maksimum tariewe dienooreenkomstig te verander.

(iv) In elke land, behalwe die Verenigde State en die Verenigde Koninkryk, moet die maksimum tariewe van inbare koste in die landsgeld teen die heersende wisselkoers tussen die landsgeld en die dollar of pond sterling by benadering gelykwaardig wees met die maksimum dollar- en sterlingtariewe wat in hierdie artikel voorgeskryf word.

OPMERKING.—Die perstarief binne die Britse Statebond kan ook van toepassing gemaak word op persverkeer tussen die lande van die Britse Statebond en enige ander land.

Artikel 7.—Eindkoste en transitokoste.

(i) Eindkoste en transitokoste word as vergoeding vir gelewerde dienste beskou. Eindkoste is betaalbaar vir verkeer wat van 'n land afkomstig is of daarvoor bestem is. Transitokoste is betaalbaar vir verkeer wat oor 'n land se grondgebied gestuur word vir verdere versending tot buitekant daardie land.

(ii) Vir die berekening van die eindkoste en die transitokoste ten opsigte van verkeer waarop subartikel (i) van hierdie artikel slaan, word die lande in twee kategorieë ingedeel, as volg:—

(*a*) Lande met uitgestrekte gebied, naamlik Kanada, Australië, Indië, die Unie van Suid-Afrika, Pakistan, en die Kontinentale Verenigde State.

(*b*) Al die ander lande.

Section 8.—Accounting.

(i) The rates which shall be used for the purpose of accounting for traffic exchanged between the United States on the one hand and each of the countries of the British Commonwealth on the other hand (in this section referred to as " the accounting rates ") shall be expressed in dollars, and accounts shall be kept in that currency by the parties concerned.

(ii) The accounting rates are made up of the following components, namely, terminal charges, transit charges, cable parcours charges and wireless parcours charges.

(iii) The accounting rates and each component of the accounting rates shall be the rates and components of rates which were in force for the purpose of accounting on the 1st July, 1952.

(iv) Subject to any special arrangements, the terminal charges and transit charges for an ordinary full rate word shall be—

(*a*) a terminal charge of 4 cents for countries referred to in paragraph (ii) (*a*) of section 7 and $2\frac{1}{2}$ cents for countries referred to in paragraph (ii) (*b*) of that section;

(*b*) a transit charge of $3\frac{1}{3}$ cents for countries referred to in the said paragraph (ii) (*a*) and $1\frac{2}{3}$ cents for countries referred to in the said paragraph (ii) (*b*);

and the terminal and transit charges for other categories of telegrams shall bear the same proportion to the accounting rates for such categories.

(v) The variation of any rate of collection charge within the ceilings referred to in section 6, or the raising of any rate of collection charge above such ceilings, or the existence of different rates of collection charge in the two directions, shall not involve any variation of the accounting rates or of the separate components of the accounting rates laid down in paragraph (iv) of this section.

(vi) For traffic carried by direct radiotelegraph circuits, the portion of the accounting rate remaining after deduction of terminal and transit charges shall be divided equally between the transmitting and receiving organisations.

(vii) Provided the charges accruing to the other international carriers are not affected, the division of charges between an international carrier and its corresponding domestic carrier shall be of no concern to the other international carriers.

Section 9.—Payment of Balances.

Payment of the balance of the accounts shall be made in the currency of the creditor party. Where payment is due in a currency other than dollars, conversion of the dollar balance in the account into the currency of payment shall be made at the rate current for telegraphic transfers of that currency in terms of dollars at the time of payment.

Section 10.—General Provisions.

(i) All references in this Article to dollars and cents and to pounds, shillings and pence, are to United States and United Kingdom currencies respectively.

(ii) The application of sections 7, 8 and 9 of this Agreement to existing contracts and the specific arrangements to give effect to them shall be considered by the parties concerned. Special arrangements as to matters covered by sections 7, 8 and 9 of this Agreement, and differing from its provisions, may be concluded at any time between the United States and any country (or countries) of the British Commonwealth on the understanding that such country (or countries) will, before concluding any such special arrangements, consult, as necessary, as to its effect, with the other parties to this Agreement.

Artikel 8.—Verrekening.

(i) Die tariewe wat gebruik moet word vir verrekening ten opsigte van verkeer tussen die Verenigde State aan die een kant en enige land van die Britse Statebond aan die ander kant (in hierdie artikel die „ verrekeningstariewe " genoem), moet in dollars uitgedruk wees, en die betrokke partye se rekeninge moet in dié betaalmiddel gehou word.

(ii) Die verrekeningstariewe behels onderstaande tariefposte, naamlik, eindkoste, transitokoste, kabel-„ parcours "-koste en radio-„ parcours "-koste.

(iii) Die verrekeningstariewe, en elke tariefpos daaronder begrepe, is dieselfde as die verrekeningstariewe en tariefposte wat vir verrekeningsdoeleindes op 1 Julie 1952 gegeld het.

(iv) Behoudens spesiale reëlings is onderstaande die eindkoste en die transitokoste vir 'n gewone woord teen die volle tarief—

(*a*) eindkoste: 4 sent in die geval van lande wat in subartikel (ii) (*a*) van artikel 7 genoem word, en $2\frac{1}{2}$ persent in die geval van lande wat in subartikel (ii) (*b*) van dié artikel bedoel word;

(*b*) transitokoste: $3\frac{1}{3}$ sent in die geval van lande wat in gemelde subartikel (ii) (*a*) genoem word, en $1\frac{2}{3}$ sent in die geval van lande wat in gemelde subartikel (ii) (*b*) bedoel word;

en die eindkoste en transitokoste ten opsigte van ander kategorieë telegramme moet in dieselfde verhouding staan tot die verrekeningstariewe vir sulke kategorieë.

(v) Wanneer 'n tarief van inbare koste binne die maksimum perke wat in artikel 6 genoem word, wissel, of tot 'n peil bo dié maksimum perke verhoog word, of wanneer die tariewe van inbare koste ten opsigte van die twee rigtings nie eenders is nie, word geen verandering daardeur teweeggebring in die verrekeningstariewe of in die afsonderlike tariefposte daarvan wat in subartikel (iv) van hierdie artikel voorgeskryf word nie.

(vi) Ten opsigte van verkeer wat deur regstreekse radiotelegraafkringe gaan, word die deel van die verrekeningstariefgeld wat oorbly nadat die eindkoste en die transitokoste afgetrek is, gelykop tussen die sendorganisasie en die ontvangorganisasie verdeel.

(vii) Mits daar niks op die koste waartoe die ander internasionale verkeersdraers geregtig is, afgeding word nie, is die verdeling van koste tussen 'n internasionale draer van verkeer en sy binnelandse mededraer van die verkeer 'n saak wat die ander internasionale verkeersdraers nie aangaan nie.

Artikel 9.—Saldobetalings.

Betaling van 'n rekeningsaldo moet in die betaalmiddel van die krediteur geskied. Wanneer 'n bedrag betaalbaar is in 'n ander betaalmiddel as dollars, moet die dollarbedrag van die rekeningsaldo in die betaalmiddel van die krediteur omgereken word teen die koers wat ten tyde van die betaling ten opsigte van telegrafiese oordrag van dié betaalmiddel se teenwaarde in dollars van toepassing is.

Artikel 10.—Algemene bepalings.

(i) In hierdie artikel word met dollars en sente en met ponde, sjielings en pennies die betaalmiddele van onderskeidelik die Verenigde State en die Verenigde Koninkryk bedoel.

(ii) Die toepassing van artikels 7, 8 en 9 van hierdie Ooreenkoms op bestaande kontrakte, en die besondere reëlings om daaraan gevolg te gee, is iets wat deur die betrokke partye in oorweging geneem moet word. Spesiale reëlings oor enigiets waarin artikels 7, 8 en 9 van hierdie Ooreenkoms voorsien en wat van die bepalings van hierdie Ooreenkoms afwyk, kan te eniger tyd tussen die Verenigde State en enige land (of lande) van die Britse Statebond getref word, mits so 'n land (of sulke lande), alvorens enige spesiale reëlings van dié aard te tref, die ander partye by hierdie Ooreenkoms na vereiste van die geval raadpleeg oor die uitwerking van die reëling.

DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS.

✱ No. 2915.] [19 December 1952.

MUNICIPALITY OF VREDEFORT.—EXTENSION OF LOCATION AND NATIVE VILLAGE.

It is hereby notified for general information that the Minister of Native Affairs has approved, in terms of paragraph (*a*) and (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (No. 25 of 1945), as amended, of the defining, setting apart and laying out by the Municipality of Vredefort of land approximately 70·2 morgen in extent situate within the area under control of the Municipality of Vredefort as shown on a plan filed in the office of the Secretary for Native Affairs and bounded as follows:—

Commencing at a point A, which is a beacon adjoining the railway line, approximately 450 yards north-east of the corner of erf No. 6A situate in Water Street, Vredefort; thence in a south-south-westerly direction for a distance of approximately 100 yards to a point B; thence in a north-westerly direction for a distance of approximately 210 yards to a point C; thence in a northerly direction for a distance of approximately 340 yards to a point D; thence in an east-north-easterly direction for a distance of approximately 880 yards to a point E; thence in an east-south-easterly direction for a distance of 580 yards to a point F; thence in a south-south-westerly direction for a distance of approximately 900 yards to a point G; thence in a westerly direction for a distance of approximately 433 yards to a point H; thence in a west-north-westerly direction for a distance of approximately 200 yards to a point I; thence in a northerly direction for a distance of approximately 100 yards to a point J; thence in an east-north-easterly direction for a distance of approximately 50 yards to a point K; thence in an east-south-easterly direction for a distance of approximately 140 yards to a point L, on the boundary of the railway grounds; thence in a northerly direction for a distance of approximately 40 yards to a point M; thence in a west-north-westerly direction for a distance of approximately 120 yards to a point N; thence in a north-westerly direction for a distance of approximately 90 yards to a point O; thence in a north-north-westerly direction for a distance of approximately 60 yards to the point of commencement A.

Government Notice No. 1694 of 1927 is hereby repealed.

✱ No. 2918.] [19 December 1952.

CORRECTION OF GOVERNMENT NOTICE No. 2177 OF 1952.

BETTERMENT AREA UNDER PROCLAMATION No. 116 OF 1949, GLEN GREY DISTRICT.

It is hereby notified for general information that Government Notice No. 2177 of the 19th September, 1952, is amended as specified in the accompanying Schedule.

SCHEDULE.

By the deletion in the Afrikaans version only of the words " Perseel No. 428, ook bekend as (School Lot) " and the substitution therefor of the words " Perseel No. 528, ook bekend as (School Lot) ".

DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE.

✱ No. 2915.] [19 Desember 1952.

MUNISIPALITEIT VAN VREDEFORT.—UITBREIDING VAN LOKASIE EN NATURELLEDORP.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Naturellesake, kragtens paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (No. 25 van 1945), soos gewysig, sy goedkeuring daaraan geheg het dat die Munisipaliteit van Vredefort 'n sekere stuk grond ongeveer 70·2 morge groot, geleë binne die regsgebied van die Munisipaliteit van Vredefort, soos aangetoon op 'n plan wat in die kantoor van die Sekretaris van Naturellesake bewaar word en begrens soos hieronder omskryf, as 'n lokasie en Naturelledorp bepaal, afsonder en aanlê:—

Begin by 'n punt A, 'n baken aangrensende aan die spoorweglyn en ongeveer 450 jaarts noord-oos van die hoek van erf No. 6A geleë aan Waterstraat, Vredefort; daarvandaan in 'n suid-suid-westelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 100 jaarts tot by 'n punt B; daarvandaan in 'n noord-westelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 210 jaarts tot by 'n punt C; daarvandaan in 'n noordelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 340 jaarts tot by 'n punt D; daarvandaan in 'n oos-noordoostelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 880 jaarts tot by 'n punt E; daarvandaan in 'n oos-suidoostelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 580 jaarts tot by 'n punt F; daarvandaan in 'n suid-suidwestelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 900 jaarts tot by 'n punt G; daarvandaan in 'n westelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 433 jaarts tot by 'n punt H; daarvandaan in 'n wes-noordwestelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 200 jaarts tot by 'n punt I; daarvandaan in 'n noordelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 100 jaarts tot by 'n punt J; daarvandaan in 'n oos-noordoostelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 50 jaarts tot by 'n punt K; daarvandaan in 'n oos-suidoostelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 140 jaarts tot by 'n punt L; op die grens van die spoorwegterrein; daarvandaan in 'n noordelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 40 jaarts tot by 'n punt M; daarvandaan in 'n wes-noordwestelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 120 jaarts tot by 'n punt N; daarvandaan in 'n noordwestelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 90 jaarts tot by 'n punt O; daarvandaan in 'n noord-noordwestelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 60 jaarts tot by die beginpunt A.

Goewermentskennisgewing No. 1694 van 1927 word hierby herroep.

✱ No. 2918.] [19 Desember 1952.

VERBETERING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 2177 VAN 1952.

VERBETERINGSGEBIED KRAGTENS PROKLAMASIE No. 116 VAN 1949, DISTRIK GLEN GREY.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat Goewermentskennisgewing No. 2177 van 19 September 1952 gewysig word soos in bygaande Bylae aangedui.

BYLAE.

Deur die woorde „Perseel No. 428, ook bekend as (School Lot) " in die Afrikaanse teks te skrap en te vervang deur die woorde „Perseel No. 528, ook bekend as (School Lot) ".

✱ No. 2919.] [19 December 1952.

STOCK LIMITATION ON TRUST FARMS AND ASSESSMENT OF CARRYING CAPACITY.—UMZIMKULU DISTRICT.

It is hereby notified for general information that, in terms of section *five* (1) of Proclamation No. 116 of 1949, the Chief Native Commissioner, Transkeian Territories, has assessed at the figure appearing in the accompanying Schedule the number of cattle units which the Betterment Area, indicated therein, can carry.

SCHEDULE.

Betterment Area.	*Number of Cattle Units.*
Portion of Pufaddershoek No. A 180, called Dovedell (formerly known as Hilltop).	190

✱ No. 2920.] [19 December 1952.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by sub-section (3) of section *eight* of the Native Affairs Act, 1920 (No. 23 of 1920), as amended, to approve of the by-laws framed by the Groot-Spelonke Local Council in terms of sub-section (1) of the said section, and set forth in the Schedule hereto.

SCHEDULE.

GROOT-SPELONKE LOCAL COUNCIL.—DIPPING BY-LAWS.

1. (1) Every native, resident within a compulsory dipping area within the area of the Groot-Spelonke Local Council, who owns cattle or is in charge of a kraal or homestead at which cattle are kept within such area, shall pay, in respect of each head of cattle owned by him or in his charge on due date, a stock rate of one shilling per annum for the dipping services made available by the Council.

(2) Every native, resident within a non-compulsory dipping area within the area of the said Council, who elects to dip cattle in a tank under the control of the Council, shall pay, in respect of each head of cattle so dipped, in advance, a stock rate of one shilling per annum for the dipping services made available by the Council.

2. The stock rate shall become due on the first day of January in each year and shall be payable at the office of the Native Commissioner, Groot-Spelonke.

3. Any person, not resident within the area of the Groot-Spelonke Local Council, who desires, and is permitted by the Council, to dip cattle in a tank under its control, shall pay in advance, on or before the day of dipping, a dipping fee of twopence in respect of each head of cattle to be dipped; provided that any such person may, in lieu of the aforementioned fee, pay on or before the first day of January in each year a dipping fee of two shillings per annum in respect of each head of cattle to be dipped.

✱ No. 2946.] [19 December 1952.

THE NATIVE SERVICES LEVY ACT, 1952 (ACT No. 64 OF 1952).—EXEMPTION.

In terms of paragraph (*a*) of sub-section (2) of section *two* of the Native Services Levy Act, 1952 (Act No. 64 of 1952, I, HENDRIK FRENSCH VERWOERD, Minister of Native Affairs, hereby exempt the urban area of Port Elizabeth from the operation of the said Act.

Government Notice No. 2598, dated the 14th November, 1952, should be regarded as amended accordingly.

✱ No. 2919.] [19 Desember 1952.

VEEBEPERKING OP TRUSTPLASE EN VASSTELLING VAN DRAKRAG.—DISTRIK UMZIMKULU.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Hoofnaturellekommissaris, Transkei-gebied, kragtens artikel *vyf* (1) van Proklamasie No. 116 van 1949, die getal vee-eenhede wat die verbeteringsgebied in bygaande Bylae genoem, kan dra, op die getal wat daarin vermeld word, vasgestel het.

BYLAE.

Verbeteringsgebied.	*Getal Vee-eenhede.*
Gedeelte van Pufaddershoek No. A 180, genoem Dovedell (voorheen bekend as Hilltop).	190

✱ No. 2920.] [19 Desember 1952.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) van artikel *agt* van die Naturellezaken Wet, 1920 (No. 23 van 1920), soos gewysig, sy goedkeuring te heg aan die verordeninge kragtens subartikel (1) van gemelde artikel deur die Plaaslike Raad van Groot-Spelonke opgestel en in die Bylae hiervan uiteengesit.

BYLAE.

PLAASLIKE RAAD VAN GROOT-SPELONKE.—DIPVERORDENINGE.

1. (1) Elke naturel wat woonagtig is binne 'n gebied waar dip verpligtend is in die gebied van die Plaaslike Raad van Groot-Spelonke en wat beeste besit of toesig hou oor 'n kraal of opstal waar beeste binne sodanige gebied aangehou word, moet ten opsigte van elke bees in sy besit of onder sy toesig op die betaaldatum 'n veebelasting van een sjieling per jaar betaal vir die dipdienste wat deur die Raad beskikbaar gestel word.

